UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
30 NOV 1960
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH
UNIVERSITY LIBRARY

**I.M.S.**
Vol. 1, No. 3

**MUNISIPALITEIT** **MUNICIPALITY**

**STELLENBOSCH**

Burgemeesterskantoor,
Vrydag, 24 Julie 1959.

## Die Akademie

Vandeesweek praat, hoor en sien ons net van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Dit lyk of elke Stellenbosser besig is met die een of ander taak in verband met die voorbereidings vir die groot fees wat vanaf 24 deser tot 1 Augustus gevier word. Dit ly geen twyfel nie dat die organiseerders 'n reusetaak onderneem het en dat die publiek 'n aanbieding sal kry wat ten volle tred hou met die plegtigheid van die geleentheid.

Ek laat dit aan die bevoegde persone oor om te verduidelik wat die betekenis van die Akademie vir die land is en watter verband dit met Stellenbosch het. Vir sover dit die Stadsraad betref, voel ons geëerd dat ons as gashere vir die Akademie kan optree. Ons is terdeë bewus van die betekenis van die geleentheid, en ook dat ons besonder gelukkig is dat Stellenbosch as sentrum vir die feesvierings gekies is.

Namens die Stadsraad en die gemeenskap van Stellenbosch wil ons die Akademie van harte gelukwens op sy vyftigste verjaardag, en hom ook die beste toewens vir die toekoms. Daarby wil ons vertrou dat die organiseerders alle sukses met hul grootse onderneming sal hê.

---

Mayor's Parlour,
7th August, 1959.

## Proclamation of Blersch Street as Main Road

The Provincial Administration recently approved of the reservation of Blersch Street as a main road link between Adam Tas Street and Strand Road. This implies that eventually Blersch Street will be widened and extended, and that

a new bridge will be constructed where it is to cross the Eerste River. The Council some time ago started negotiations with certain owners on the eastern side of the street for the purchase of those properties which will be required for the widening of the street. The construction of the street and bridge will be undertaken at such time in the future as the Council will be able to finance the scheme, and I think we are all agreed that it should provide welcome relief for traffic using the present Strand Road and Victoria Bridge.

## Municipal Rates on Private Farms

Many years ago the Council sold a number of farms on condition that they remained within the municipal boundaries and subject to the current property rates. In the course of time valuations increased and the owners frequently made representations for the exclusion of the properties concerned from the municipal area in order to avoid the taxation. These advances have been consistently resisted by the Council thus far, but ultimately the owners have now appealed to the Administrator for relief.

The attitude of the Council is that it would prefer the formulation and introduction of a uniform policy for the whole province, in view of the fact that the same problem may exist or arise in any other municipality. To deal with each case on its merits would probably give rise to many difficulties. Exclusion of these properties from the municipality has the serious disadvantage of creating awkward gaps or islands within the municipal area, subject to the jurisdiction of the Divisional Council. Relief could, however, be aforded by keeping the properties within the municipality but imposing a reduced rates tariff on them, that is to say if a case can be made out for such a reduction.

The Provincial Administration has not reached a final decision as yet.

## Leasing of Municipal Farms

Considerable tracts of municipal land are at present being leased to farmers, but the Council is anxious to increase the revenue producing capacity of its forestry department, and for this purpose to use all the available and suitable land for additional plantations. It is expected, therefore, that a number of the leased farms will be withdrawn from circulation in due course for exploitation in a more profitable manner, so as to enable the Council to reduce as far as possible the load of taxation on ratepayers in the urban area. I do not think that anybody will find fault with this policy.

## More Cats and Rats

The feline problem to which I referred on a former occasion has resulted in a spirited correspondence by numerous persons. Some letters were amusing, while others contained fearful abominations. I can certainly appreciate the attitude of animal lovers who see no harm in the presence of cats in shops where foodstuffs are sold. There is also the valid argument that cats constitute the most effective protection against rats and mice. We are, however, faced with the fact that there is a standard regulation framed by the Provincial Administration in consultation with the Union Health Department which prohibits the keeping of cats in shops where foodstuffs are handled. There are, moreover, many members of the public who do not like to see a cat lounging amongst vegetables and other edibles. The contention that cats do not foul foodstuffs or carry diseases must be challenged. In any case, it seems the impression was created that instructions were given for the destruction of the animals concerned, which certainly was not the case. Shop and café proprietors were only asked to remove them.

The whole matter will be discussed at a regional conference of health officials on the 12th instant, and as the Union Health Department will be represented there, we hope to have more authoritative information at the next open Council meeting later in this month.

---

Burgemeesterskantoor,
Vrydag, 14 Augustus 1959.

## Munisipale vlag

Na rype beraadslaging het die Raad 'n ontwerp vir 'n munisipale vlag aanvaar, en hopelik sal ons binne afsienbare tyd kleurafdrukke daarvan onder die publiek kan versprei. Ek het alle rede om te glo dat die ontwerp algemene byval sal vind.

## Huurmotor-apartheid skep probleem

Die toepassing van apartheid in die huurmotordiens skep ernstige probleme wanneer die massa van studente aan die begin en na afloop van vakansies na en van die stasie vervoer moet word. Die getal huurmotors vir blankes is hopeloos ontoereikend en die versoek van Kleurlingeienaars om te help is deur die owerhede van die hand gewys, ten spyte van die sterk vertoë wat aan hulle gerig is. Dit bring mee dat allerlei noodmaatreëls geprakseer moet word, wat blykbaar daarop neerkom dat die Padvervoerraad geleentheidsvervoergeriewe magtig sonder dat die

Stadsraad daaroor geraadpleeg word — weereens 'n geval van die gestadige inkrimping van plaaslike outonomie. Die Stadsraad sal nog moet besluit wat sy houding in die toekoms gaan wees.

## Kollektes van huis tot huis

Dit lyk of daar nog 'n mate van verwarring onder die publiek oor hierdie aangeleentheid bestaan. Kerke en ander openbare organisasies word nie belet om kollektes by hul ingeskrewe lede te doen nie. Die Raad se goedkeuring is slegs nodig wanneer die een of ander liggaam 'n kollekte van huis tot huis onder die algemene publiek wil doen. Die goedkeuringstempel van die Stadsklerk se kantoor moet op sulke lyste verskyn, anders kan die organiseerders vervolg word.

## Kleurlingbiblioteek gereed

Die nuwe biblioteek met sy toerusting is gereed om aan die Kleurlinggemeenskap oorhandig te word. Die Provinsiale Administrasie sal vir die verskaffing van die nodge lektuur sorg.

## Kombuis verouderd

Die onlangse funksies wat die Raad vir die Akademie in die Stadsaal moes reël, het terdeë bewys dat die kombuisgeriewe heeltemal ontoereikend en verouderd geword het. Dis duidelik dat ons algaande meer voorsiening vir onthale van groot omvang sal moet maak, en ek glo dat die tyd ryp is vir 'n algemene herbeplanning van die kombuis en verwante geriewe. Dit sal waarskynlik heelwat geld kos, maar dis 'n openbare diens wat aan die publiek verskuldig is, en ek vertrou dat ons te gelegener tyd 'n aanneemlike skema sal kan voorlê.

## Kompos en vlieë

Die huidige terrein waarop huishoudelike vullis in kompos verwerk word, sal waarskynlik binnekort vir die uitbreiding van die rioolsuiweringsinstallasie in beslag geneem word. Die Raad sal dan 'n ander terrein vir die kompos moet vind, en hopelik sal hy ook daardeur 'n oplossing vind vir die vlieëplaag waaroor daar so baie in Onder-Papegaaiberg gekla word. Dit skep egter probleme wat nie maklik opgelos kan word nie. Die afstand waaroor huisvullis gekarwei moet word, is 'n belangrike faktor in die koste-struktuur van die diens, en dit beteken dat ons 'n ander terrein sal moet vind wat gerieflik naby geleë is. Die belangrike vraag is dan om so 'n terrein te vind waar dieselfde oorlas van vlieë nie vir 'n ander deel van die dorp sal ontstaan nie.



PRO EC. 8/59—11317